

dumela



April 2010

Amptelike nuusblad van die personeel van die UV • Official newsletter of the staff of the UFS

Kampusse kry verjongingsinspuiting

Die *grande dame** in Bloemfontein en die pragtige jongeling – Qwaqwa-kampus in die Oos-Vrystaat is stilweg besig om 'n verjongingskuur van amper R200 miljoen te ondergaan. En dit is nie botoks nie. **Leatitia Pienaar** het bietjie by Nico Janse van Rensburg (Bestuurder: Fisiese Beplanning) gaan aanklop, en hier volg 'n blik op van die ontwikkelings wat aan die gang is en wat in die nabye toekoms verwag kan word.



PEOPLE



EVENTS



NEWS

'n Infrastruktuurtoekenning van R147 miljoen van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, wat strek van 2010 tot 2012, gaan van die projekte moontlik maak. Van die projekte word uit ons universiteit se eie sak gefinansier. Een van die projekte wat die toekenning gefinansier gaan word, is 'n nuwe gebou vir ons Fakulteit Opvoedkunde. Bouwerk aan hierdie gebou kan moontlik in Mei vanjaar begin.

'n Nuwe Opvoedkunde-gebou gaan ook op ons Qwaqwa-kampus gebou word.

Nico sê hy is baie opgewonde oor die infrastruktuurbeplanning wat ons universiteit van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding gekry het, maar daar is nog baie behoeftes wat aangespreek moet word. Een van Fisiese Beplanning se prioriteite vir 2010 is om projekte te begin implementeer met hierdie infrastruktuurbeplanning. Ander prioriteite, volgens Nico is die onderhoud van bestaande infrastruktuur; die optimale benutting van bestaande fasiliteite asook bestaande ongebruikte areas.

Bouwerk aan die nuwe gebou van sowat R40 miljoen vir ons Fakulteit Gesondheidswetenskappe op die terrein waar die voertuig-stoor en Hertz was, het in April begin. Hier kom 'n lesinglokaal vir 200 studente, vyf lokale vir 100 studente elk van die Skool vir Geneeskunde en Arbeidsterapie, asook kantore. Dié ontwikkeling sal 'n

eenheid met die bestaande gebou van ons Fakulteit Gesondheidswetenskappe en die C.R. de Wet-gebou vorm.

Bouwerk is ook al ver gevorder aan die nuwe gebou van ons Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en die huidige fase van die opgradering van die Chemie-gebou. In die volgende fase sal aandag gegee word aan die herinrigting van kantore en die buitekant van die Chemie-gebou.

Nuwe koshuise word op ons Qwaqwa-kampus gebou. Die ontwikkeling deur ons universiteit maak voorsiening vir 200 beddens en 'n private ontwikkeling vir 500 beddens. Lees meer oor die ontwikkelings op ons Qwaqwa-kampus op bl. 19.

'n Nuwe eksamensentrum sal in die Kagiso-gesellie ingerig word en lesinglokaal oor die hele kampus sal in die vakansietyd opgeknep word. Die lesinglokaal van Opvoedkunde was in die April-vakansie aan die beurt met die lesinglokaal in die Flippie Groenewoud-gebou wat vir die Julie-vakansie geskeduleer is. Genmin en Stabilis se lesinglokaal sal in Desember aan die beurt kom.

Die foyer van die Odeion word opgradeer en enkele maande gelede is opknappingswerk en die herinrigting van die Callie Human-sentrum (R7 miljoen) asook aan die Posafdeling in die George du Toit-administrasiegebou afgehandel.

Waarvoor ons nog moet uitkyk, is die verbetering aan die Argitektuur-gebou, die Bioteχνologie-gebou, die Chemie-laboratoriums op ons Hoofkampus en Qwaqwa en nuwe vaardigheidslaboratoriums.

Dienswerkers se kwartiere, waarvan daar 34 oor ons kampus in Bloemfontein versprei is, gaan ook ten bedrae van R1 miljoen opgeknep word.

Dan het ons nog nie gepraat van die nuwe ingangshek by Roosmaryn, die parkeerareas soos by ons UV-Sasol-Biblioteek nie, en herinrigting in koshuise en ander geboue wat reeds 'n geruime tyd aan die gang is nie.

Ook in die pypplyn is die nuwe studentebehuising wat vir 2 000 studente op ons Hoofkampus beplan word. Hierdie projek sal in fases van 500 elk aangepak word.

Dit is duidelik dat daar nuut en vars na die hele infrastruktuur-opset by ons universiteit gekyk word. So het Fisiese Beplanning self ingetrek in 'n ou ateljee van Beeldende Kuns wat vir vyf jaar onbenut gestaan het. Eerder as om dit te stroop is dit teen die helfte van die koste in 'n gebou omskep waarop enigeen waarlik trots kan wees.

* "Woman, esp. an older one, of great dignity or prestige" – www.yourdictionary.com

An English version is available at:
<http://www.ufs.ac.za/infrastructure>



Since 1987 first-year architecture students have been building huts on campus annually as part of an introduction to architectural studies at our Department of Architecture. This year Prof. Jonathan Jansen, our Rector and Vice-Chancellor visited the small community of 27 huts in the veld behind the Rag Farm, acknowledging the quality of both the programme and staff of this department.

FOTO'S: GERHARD LOUW



Hou die blink kant bo, sê die Afrikaanse gesegde. En dit is ook wat ons met hierdie uitgawe van *Dumela* doen; nie omdat ons moet nie, maar omdat ons so baie studente en personeel hier op ons kampus het wat presteer.

Frank Nkoana, ons Direkteur: Akademiese Studentedienste, deel sy visie om hierdie afdeling by ons universiteit uitnemend en gebruikersvriendelik te maak.

Vanuit ons Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe vertel Leon Bezuidenhoud ons hoe belangrik ons betrokkenheid by ons gemeenskappe is om 'n verskil in die lewens van ander te maak.

Ons is ook trots op die opening van die Jonathan Edwards-sentrum en ons verbintenis met Yale Universiteit. Niemand kon dit beter stel as prof. Jonathan Jansen, ons Rektor en Visekanselier nie. "A university is only as good as the company it keeps."

Dit is nie net op eie bodem waar ons beïndruk nie. Adv. Wessel Oosthuizen van die Sentrum vir

from the editor

Finansiële Beplanningsreg doen sulke goeie werk dat die internasionale liggaam, die Finansiële Beplanningsraad, hom gekies het as die voorsitter van een van hulle panele.

Op 'n ander toon – Dikgapane Makhetha het met Ninette Pretorius van die Departement Musiek gesels oor die wêreldklasuitvoerings wat deur hierdie departement gefasiliteer word. Lees meer oor hulle op bl. 9.

En as jy gedink het dit is nie moontlik om soveel prestasies aan een instelling te koppel nie, het jy nog nie met Kasia Baker kennis gemaak nie. Hierdie vrou vir haar man, ma en MBA-student vertel haar storie vir Lize du Plessis.

Dan vereenselwig ons ons ook met mense soos prof. Dingie Janse van Rensburg wat in dieselfde

asem as Madiba genoem word. Net soos Madiba het hy ook onlangs 'n eredoktersgraad van die Universiteit van Antwerpen ontvang vir sy kundigheid op onder meer die terrein van sosiale beleid in gesondheidsorg.

Paton Dennison, een van ons regstudente, wys van watter stoffasie hy gemaak is om as een van net twee studente in Suid-Afrika 'n beurs van die Nelson Mandela-stigting te ontvang.

Soos wat die een storie na die ander voortbou op ons kollegas en studente se prestasies, open ons die deur na 'n beter more. 'n More waar ons drome vir ons universiteit en sy mense 'n realiteit word.

Groete tot more

Leonie

VOLOP PARKERING BESKIKBAAR



Die nuwe parkeerarea naby ons UV-Sasol-biblioteek en ons Fakulteit Opvoedkunde

details

'n Mens hoor soms klagtes dat hier nie parkeerplek op ons Hoofkampus beskikbaar is nie. Daarom het Leatitia Pienaar 'n bietjie by Ria Deysel van Fisiese Hulpbronne en Willie Frankim van Beskermingsdienste gaan aanklop. Hier is die antwoorde op van die vrae wat sy gevra het:

Waar is nog oop parkering beskikbaar:

- Odeion: Feitlik die hele area agter die Odeion is daagliks 99% onbeset. Hierdie parkeerarea is binne loopafstand van die George du Toit-gebou, die Fakulteit Regswetenskappe, Landbou en 'n groot aantal koshuise.
- Die Callie Human-sentrum en die tennisbane in Graduandi-laan: Vanaf die hoek van die tennisbane tot onder by die Ou Sportkantoor is daar meestal aan weerskante van die pad baie oop parkering, behalwe met gradeplegtighede en ander aktiwiteite

by die Callie Human-sentrum.

- P1: die nuwe oop parkering by die nuwe taxi-staanplek: Ongeveer 20% hiervan is oop parkering. Die area word goed deur studente en personeel benut.
- Nuwe parkeerarea agter ons UV-Sasol-Biblioteek: Dit is meestal vol geparkeer, maar nuwe parkeerplek word geskep.
- Farmakologie: Ongeveer 20% oop parkering is beskikbaar.
- DF Malherbe-hek/Gesondheidswetenskappe: Baie oop parkering, na gelang van klasse.

Toegekende parkeerplekke: is daar nog plek beskikbaar?

- Soos personeel kanselleer vanweë bedanking en aftrede kom gereserveerde parkeerplekke beskikbaar en word dit geallokeer. 'n Waglys, wat deur die Parkeerafdeling beheer word, dui presies aan hoeveel parkering in 'n spesifieke area beskikbaar is.
- Afdakke is by die Scaena en Callie Human beskikbaar, maar daar is geen aanvraag nie (personeel stel nie belang om hier te parkeer nie).
- P6: Voorheen betaalde parkering is nou in die

proses om gereserveerde parkering te raak (vir departemente, aflaaisones, pasiënte/kliënte van akademiese departemente, parkering vir gestremde personeel en studente, asook parkering vir personeel).

Gaan daar nog parkeerareas gebou of aangelê word?

Nuwe parkering agter die biblioteek is in die proses om gebou te word.

As 'n mens al gewonder het hoe ons met ander tersiële instellings in die land vergelyk, kan 'n mens maar net dankbaar wees dat jy parkering het of binne loopafstand kan kry, veral as 'n mens daaraan dink dat meer as 30 000 voertuie per dag deur ons hekke beweeg.

By sommige ander universiteite moet personeel en studente buite die kampus parkeer. As hulle wel op die kampus kan parkeer, is dit redelik ver van die geboue af.

Ons universiteit is een van baie min universiteite wat al sy voertuie op die terrein toelaat. Die Universiteit van Pretoria laat byvoorbeeld geen voorgraadse studente se motors op kampus toe nie en dié van nagraadse studente slegs in die middag.

Dumela is compiled by the Division Corporate Communication at the University of the Free State

Editor:

Leonie Bolleurs
051 401 2707 / 0836455853
bolleursl@ufs.ac.za

Layout and printing

Xposure / 051 448 9231

By James Letuka

Sport fosters common identity amongst all Kovsies

James Letuka.



PHOTO: LIZE-MARIE SMIT

Over the past few years – more so over the last two years – our university has pronounced itself

strongly as being or striving to become a university of choice. The desire has become more pronounced with the arrival of Prof. Jonathan Jansen, our new Rector and Vice-Chancellor at Kovsies in 2009.

The front-page article by Merridy Wilson-Strydom in *Dumela* November 2009-6 entitled, "Are our students prepared for life?" aptly sums up what the role of an institution should be: "preparing our students for life". Although her article is intended to deal with the academic preparedness of first-year students in numeracy and mathematics as well as language proficiency for academic work, the question asked is applicable to the inter-relationships

amongst students as well. This is where sports at Kovsies also come in, in that whilst the academics grapple with the core business of academia, sports bring students and staff members from different and divergent backgrounds together on the sports fields. Think of the type of society our students are expected to live and work in after completing their studies. Will they be sufficiently prepared to deal with it?

“There can never be a better vehicle than sports to fulfil this critically important role of bringing people together.”

Students can get involved in sports by any one of the three ways:

- playing competitively and representing a hostel, a private club or our university;
- playing for recreational reasons; or
- being around to support the representative university teams.

How can we claim to have prepared our students for life if we could not get them to interact on a sports field where there is less pressure upon them?

It is critically important even for those students who do not participate in our university teams to recognise the fact that all those representative teams do duty for our entire university. Our university teams are worthy of everybody's support. A pertinent example is that of our Shimlas Rugby Team who played in the FNB Varsity Cup. The players in this team are carrying our university flag high and therefore are worthy of everybody's unconditional and unwavering support.

Sports at Kovsies are one of those things that can foster common identity amongst all Kovsies. Our sportsmen and sportswomen should realise that only excellent performance by our representative teams will attract supporters. Who wants to be associated with losing teams? Nobody.

KovsieSport is making a clarion call to all those that are connected to our university, across the board, to get involved in sports at Kovsies. One does not have to look too far into the past to see the power of sports in bringing the nation together. The case in point is the FIFA Confederation Cup that was played in South Africa in 2009. This spectacle drew people from different backgrounds together, even those people who might not previously have followed the playing of soccer. Look at the hype that is caused by the 2010 FIFA World Cup due to start on 11 June 2010 to 11 July 2010!!

This phenomenal international sporting event brings the nation together for a variety of reasons. Some are drawn to it by economic and business reasons whilst others are drawn to it by the entertainment that it will provide. Who can forget 1995 when the Springboks won the Rugby World Cup and Mr Mandela wore Francois Pienaar's no 6 jersey when congratulating the team? Remember the multitudes of the South Africans that united behind the Springboks'.

[MY
VIEW]

Your health and **safety** comes first

At the main entrance gate of our university our wonderful marketing staff has placed brightly coloured banners proclaiming the name of this university and signaling the new era which we are about to embark on in the quest to become Africa's leading university. Less than 10 metres from the guards at the boom gates, these banners have been disappearing one by one as thieves steal the cloth and disappear. There are many stories in this simple observation.

One story is about the way in which crime has become so commonplace in South Africa that brazen thieves along a major road and in full view of security could steal with such abandon. Another story is about the quality of our security—how can this happen under the noses of those who are supposed to protect the persons and property of the university?

We are about to do something about this. I have received over one hundred letters and e-mails advising senior leadership on how to make the campus more

secure. Thank you.

Your most common responses were the following:

- The visibility of security on campus
- The installation of security cameras across the campus
- The enforcement of controlled access at the gates and/or at entrances to buildings
- The provision of alarm devices (such as sirens) to key personnel in buildings
- The enhancement of the capacity of security to arrest criminals

The Rectorate is giving serious attention to these and other proposals. We are determined to make the campus safe, and to track down anyone who threatens the security and safety of our staff and students. This will cost money, but your health and safety comes first. Bear with us as we move quickly to secure the campus against criminals. We will keep reporting to you on the progress made. - Prof. Jonathan Jansen



FILL
THE GAP

LEON:

geken as
iemand wat 'n
verskil maak

Deur Igno van Niekerk



Leon Bezuidenhoud is stilweg passievol oor sy werk. As hy begin vertel wat sy werk behels, besef 'n mens weer eens watter ongelooflike bydrae ons universiteit tot die gemeenskap lewer. Die Kowsie-welwillendheid word op weinig plekke so goed uitgebeeld soos in Leon se departement.

Leon doseer opleidingsbestuur, 'n vakgebied wat onder ekonomiese wetenskappe ressorteer. Hoewel die vakbenaming formeel en teoreties klink, is dit 'n vak waar studente nie alleen teorie leer nie, maar ook deur praktiese blootstelling die dinamika van bestuur, spanwerk, tydsbestuur en selfkennis ervaar. Vyftig persent van die studente se finale punt bestaan uit die saamstel van 'n gemeenskapsopleidingsprojek waartydens studente in groepe van dertien werk. Die groepsamestelling word deur die dosente bepaal, en terwyl die groepsdinamika uitspeel, werk elke groep aan 'n bepaalde opleidingsprojek in die gemeenskap.

Leon vertel entoesiasies en lig sy vertelling toe met stories: "Daar was die een groep wat 'n ouetehuis geleer het om 'n Pret-aand te beplan. 'n Ander groep het vir 'n minderbevoorregte gemeenskap 'n *total makeover* gegee. Hulle het mense geleer van die basiese onderhoud, netheid en instandhouding van die huise. Daar was selfs *starter packs*, wat verkwasse, koopbewyse vir verf en ander toerusting ingesluit het, en wat deur die

Time out with...

Frank about his ideals for Student Academic Services

By Leatitia Pienaar

“I am born and bred in this career! I have served in all capacities, right from administrative clerk and assistant,” says a passionate Frank Nkoana, Director: Student Academic Services.

“And I am happy to be part of Kowsies and a proud member of the Kowsie family.”



PHOTO: LEATITIA PIENAAR



Leon Bezuidenhoud.

mense gebruik kon word. Verder het die studente nie die projek laat ophou nie. Elke twee maande beoordeel 'n maatskaplike werker nog die huise, word 'n wenner gekies, en speel Kowsies 'n rol in die opheffing van 'n gemeenskap."

Terwyl Leon foto's uit die projekte wys, kom 'n mens agter dat jonk en oud baat vind by hierdie inisiatief. Daar is 'n kinderleeshoekie in die Mangaung-biblioteek wat weer kindervriendelik gemaak word; nie net as diens nie, maar as volwaardige wetenskaplike projek. Studente moet die behoeftebepaling doen, uitvind waarom die huidige leeshoekie nie werk nie, met beide die biblioteek as die gemeenskap in verbinding tree, en uiteindelik 'n voorlegging doen waartydens die opleiding plaasvind en die studente geëvalueer word. "Die studente het ons nog nooit teleurgestel nie. Hulle doen soveel meer as wat van hulle verwag word."

Leon self is 'n oud-Kowsie. Hy het op Grey skoolgegaan, by ons universiteit kom studeer en ja, ook 'n Menslike Hulpbronne-internskap hier by Kowsies gedoen. Daarna was hy vir drie jaar by die streekkantoor van die polisie betrokke waar hy onder meer keuring en psigometriese toetsing gedoen het. Gedurende 2009 het Leon aansoek gedoen vir die PhD-kursus in Raadgewende Sielkunde, 'n kursus wat deur net drie universiteite ter wêreld aangebied word. Met beskeidenheid in sy stem noem Leon dat hy bevoorreg was om keuring te kry, en ja, hy is nou besig met die finale gedeelte van die PhD. Hoewel Leon se eie studies sowel as sy betrokkenheid by die studente baie tyd in beslag neem, maak hy nog tyd om te ontspan op sy bergfiets en sy seiljag, 'n Hobie 16. Sy gesin bly egter sy hart se punt – sy 18-maande-oue dogtertjie en sy kleuterskooljuffrou-vrou saam met wie hy Vrydagaande pizzas eet en video kyk.

En as 'n mens jouself afvra wat die kern van die werk is wat Leon Bezuidenhoud doen? Ja, daar is akademie, daar is nasienwerk, veral in die tweede semester as hy klas gee vir 2 400 Menslike Hulpbronnestudente. Maar Leon Bezuidenhoud se werklike werksbevrediging lê in die rol wat hy en sy studente speel om 'n verskil in die gemeenskap te maak, terwyl daar ook 'n verskil aan die studente gemaak word. Leon se mededosente, Annestien Lues en Tiana van der Merwe, speel ook 'n reuse rol in die sukses wat hulle bereik; sukses wat veral versinnebeeld word as 'n mens kyk na die joernaalinskrywing van een van die studente. Die studente word verplig om dagboek te hou, ten einde hulle eie vordering te kan sien.

In die dagboek is die getuigenis wat hoop bring vir ons land se toekoms:

'n Inskrywing in 2005 lui: "Whites are not all racists ..."

Dieselfde student merk in 2005 op: "I wish I could work with this group for the rest of my life ..."

Ja, daar is Kowsies wat 'n verskil maak in die gemeenskap, en dan is daar mense soos Leon Bezuidenhoud en sy mededosente wat 'n verskil maak aan Kowsies. Mense wat weet dat ons universiteit wat sy studente dien ook sy gemeenskap dien, en ja, as jy jou gemeenskap dien, dien jy jou studente ...

FOTO: IGNO VAN NIEKERK

Frank says his department provides a support base for the core business of our university in terms of applications, admissions, financial aid and registrations right through to graduations. "It is only through effective and efficient academic support services that our university can achieve excellence in its academic endeavour in tandem with its vision of being an excellent, equitable and innovative university."

His vision is to provide an excellent and user-friendly administrative service, to create a division that is functionally able and has as its goal the achievement and provision of effective academic administrative support to our university so that the institution can achieve its goals.

"Student Academic Services' vision is to cultivate the deepest trust, reliability and respect expected from our university, the division and faculty administration."

Values that are important to him are, amongst others, user-friendly quality service, quality systems for effective and efficient service delivery; easy-flowing academic administrative processes; easy access to relevant information, which includes making it readily available; optimal and effective administrative support to the core business of our university.

Frank sees an effective administrative system that is manned by skilled and well-trained staff as the backbone of the service his department must deliver to students, staff and the broader community.

He is not shying away from the challenges faced by his department. "The main challenges that face me and the unit

are, amongst others, to create a division that is functionally able and has its goal the achievement and provision of effective academic administrative support to our university core business."

One of the challenges he would like to tackle is the decentralisation of admission, registration and qualification of prospective students to the faculties. Quality must be guaranteed through examination committees.

Graduations, the setting and control of timetables and examinations must remain centralised, he believes.

Staffing remains a problem. He has 53 people dealing with 29 538 students who registered to study at our university this year. A succession plan must be in place where senior people are getting ready to retire. People must be empowered to fill positions. Infrastructure also remains a headache.

He would also like to be in line with new development in academic administrative systems to enable our university to achieve academic excellence and global competitiveness. The establishment and/or strengthening of a high level ethos of service delivery, and the development of good human relations between the staff and students in order to improve the image of our university are also on his list.

"I would like to see a total change in academic administration. Functions like admission, registration, examination and graduation must run smoothly," he says.


Frank Madimetja Nkoana started with our university in February 2009, bringing with him 24 years' experience in academic administration, 14 of which have been in leadership and senior management positions at the former University of the North (Turfloop) and former Medical University of Southern Africa (Medunsa).

He served in various university councils, senate and management committees and the Senate and the Council of the Mpumalanga, Limpopo and Ga-Rankuwa Colleges of Nursing. He also attended various conferences, workshops, training and short courses relevant to his field.

Frank is a devoted father, and the photographs of his wife, Dora Kgetoane, and three children are testimony to that. His son Thabo studies towards a B.Sc. Hons. IT Engineering at the University of Pretoria; Boitumelo (18) is a second-year student in B.I.S. Multi-Media, also at Tukkies; and the "laatlammetjie" Papito (6) is at Acacia Primary School, Pretoria.

With his move to the Free State Frank is becoming far more knowledgeable about rugby and enjoy the invitations to the suites at the rugby. And I am sure he is cheering Shimlas and Cheetahs.

nnu



PROF. JONATHAN

makes us proud

Prof. Jonathan Jansen, our Rector and Vice-Chancellor, received an award from the Library Journal for Best Books of the Year for 2009 for *Knowledge in the Blood*, the book he authored. His book was also selected for the outstanding recognition awards by the American Educational Research Association (AERA), in the category: "Decolonizing the curriculum conversation".

He will also receive an Honorary Doctorate of Higher Education Administration degree from the Cleveland State University in the USA on 15 May 2010. - **Jennifer Komba**

JONATHAN EDWARDS CENTRE AFRICA opens its doors

At the official inauguration of the Jonathan Edwards Center Africa was, from the left, front: Prof. Harry Stout, Chair of the Department of American Religious History at Yale University; Prof. Jonathan Jansen, our Rector and Vice-Chancellor; back: Prof. Dolf Britz, Director of the Jonathan Edwards Center Africa at our university; Prof. Kenneth Minkema, Executive Director of the Jonathan Edwards Center at Yale University; Prof. Adriaan Neele of Yale University, now also Professor Extraordinary in our Faculty of Theology; and Prof. Francois Tolmie, Dean of our Faculty of Theology.

In its quest to be an internationally renowned theological and training faculty, our Faculty of Theology recently officially opened the Jonathan Edwards Centre Africa. This centre is affiliated with the Jonathan Edwards Centre Yale University in New Haven in the United States of America. **By Leonie Bolleurs**

About this affiliation Prof. Jonathan Jansen, our Rector and Vice-Chancellor said: "I am deeply honoured to be associated with Yale University. A university is only as good as the company it keeps. This academic centre will be a place where our students and staff can think critically and forcefully on issues of common humanity."

The Dean of this faculty, Prof. Francois Tolmie is also excited about this development. "This visit underscores the strategic relationship between Yale University and the Faculty of Theology and will assist in us continuing to foster high aspiring scholarship, student and faculty support," he said.

Our Faculty of Theology was also privileged to have leading scholars from Yale University, Prof. Harry Stout, Chair of the Department of American Religious History, and Prof. Kenneth Minkema, Executive Director of the Jonathan Edwards Center at Yale attending and participating in the opening of the centre.

This interest in Edwards globally has in part been fuelled by the work of the Jonathan Edwards Centre at Yale University, of which the sole mission is to support inquiry into the life, writings, and legacy of Jonathan Edwards. He is the subject of intense scholarly interest throughout the world, because of the profound legacy he left on America's religious, political and intellectual landscapes.

A huge achievement in court interpreting programme

By Mangaliso Radebe

The first group of 100 students that successfully completed the two-year Diploma in Legal Interpreting at our university achieved a success rate of 90%.

The programme, offered by our university's Department of Afroasiatic Studies, Sign Language and Language Practice, in collaboration with the Department of Justice and Constitutional Development and Safety and Security Sector Education and Training Authority (SASSETA), is the only one of its kind in South Africa.

"This is our first programme in collaboration with the UFS and I am hopeful it will lay a very solid foundation for other such programmes to follow," said Advocate Simon Jiyane, Deputy Director General: Court Services in the Department of Justice.

The diplomas were conferred by Prof. Ezekiel Moraka, our Vice-Rector: External Relations, on behalf of our Rector and Vice-Chancellor, Prof. Jonathan Jansen.

He urged the students to use their skills as qualified court interpreters in the context of the challenges that face South Africa such as HIV/Aids, racism, transformation, unemployment, poverty, job losses, and many other such challenges.

"This is the reality we are faced with, all of us," he said. "It requires skilful and morally upright people to address it adequately and effectively. You are adding up to the number of skilful people in our country and that means you have a critical role to play."

He also urged the students to use their skills to make contributions to the processes of transformation that are underway at our university.

"For instance, our university as a national asset has to transform to that level of being a true national asset. We need your full participation in this process so that we can together ensure the relevance of this university as a true South African university," he said.

The Department of Justice has permanently employed two of the students who received their diplomas, while one of them, Ms Nombulelo Esta Meki, was awarded a bursary by SASSETA to study for a BA in Legal Interpreting. Nombulelo was the top achiever of the programme with an average of 86%.

Did you know...

The Faculty of Natural and Agricultural Sciences hosts the Centre for Plant Health Management (CePHMa) which contributes to food security through research and expertise in innovative crop production and crop protection strategies. CePHMa is the only centre of its kind in Africa.



CAPE BUDGET ACCOMMODATION

RIVERVIEW LODGE

SPECIALISTS IN SPORTS TOURS & LARGE GROUPS

5 star
budget accommodation
140/night-breakfast incl.

RIVERVIEW LODGE
(CAPE TOWN)

Ideal for large/small groups
Conveniently close to UCT and all that Cape Town offers
Holiday accommodation

Tel (021) 447 9056
Fax (021) 447 5192
email info@riverview.co.za
www.riverview.co.za



ICELDA boosts the development of literacy tests

By Mangaliso Radebe

Together with the Universities of Pretoria, North-West and Stellenbosch, our university recently signed an agreement to cooperate in the development of academic literacy tests.

The Inter-institutional Centre for Language Development and Assessment (ICELDA) is a cooperative venture between these four universities – the only multilingual universities in South Africa.

ICELDA is dedicated to the development of reliable state-of-the-art academic literacy tests and currently makes 32 000 tests available to partnering universities annually.

Most notably, it has produced three of the most reliable academic literacy tests in the country. These include an Academic Listening Test and the Test of Academic Literacy Levels (TALL) for undergraduate students, with reliability levels that are more than 20% above international benchmarks.

"We are even more excited about our Test of Academic Literacy for Postgraduate Students (TALPS), which is already a crucial instrument in determining the literacy levels of postgraduate students at the Universities of the Free State, Pretoria and North-West," said Prof. Albert Weideman, Head of the Department of English at our university and the first Executive Head of ICELDA.

In addition, ICELDA is currently piloting studies for language tests for financial advisors, nurses, students of disaster management, as well as police studies at Unisa.

ICELDA will also collaborate with the Centre for English Language Communication

(CELC) at the National University of Singapore.

"One of the undertakings I made on my visit to Singapore a year ago was that I would assist in every way I could with the building of joint expertise with CELC in language testing," said Prof. Albert.

"However, our focus will remain firmly on research."

He said their goal was to employ the surpluses generated by selling tests to provide promising students with bursaries to stimulate further study and design of academic literacy and other language tests.

By drawing more researchers into the field, Prof. Albert said, ICELDA could provide the capacity for developing reliable language tests at this level that South Africa has always lacked.

Prof. Driekie Hay, Vice-Rector: Teaching and Learning, Prof. Albert Weideman, Head: Department of English, and Prof. Lucius Botes, Dean: Faculty of the Humanities.

PHOTOS: SUPPLIED.

Kovsies charms Gauteng business fraternity

Our Institutional Advancement Office in Johannesburg presented a stylish black-tie function at the Johannesburg Country Club earlier this year. The function, which was well attended by a variety of businessmen and women in and around Johannesburg, was also attended by some of the senior management of our university and members of our Council.

Prof. Jonathan Jansen, who was the guest speaker at the event, shared his plans for our university with the audience and said that he was excited about what was happening at our university. "The next generation of South African leaders will emerge from the UFS. We want to present the South African business fraternity with the best graduates to choose from. At the UFS we will

teach young people not only to be smart, but to talk smart so that we can make you – their future employers – proud of them and of this great university," he said.

– Lacea Loader

Here are, from the left: Mr Robbie Venter, Chief Executive Officer of Allied Electronics Corp Ltd (Altron); his father, Dr Bill Venter, Chairperson and founder of Altron; Ms Penny Venter, wife of Dr Venter; and Prof. Jonathan, our Rector and Vice-Chancellor.



PHOTO: SUPPLIED



Less than the best is not good enough ...

Die hoëronderryssektor word daagliks gekonfronteer met nuwe uitdagings. Leonie Bolleurs het 'n paar kollegas gevra wat hulle dink die fokus vir 2010 in die hoëronderrys moet wees.

Prof. Johnny Hay from the Department of Psychology of Education

My sense is that Higher Education in South Africa should, in a radical way, make a substantial difference to school education. It seems as if the most critical measure to break the vicious cycle of the dysfunctional school system is to intervene at teacher training level. Early in 2010 the unions have finally sent out a strong and united message about accountability in education – on which universities can now build further. Die regte omgewing is tans dus geskep vir hoëronderrysinstellings om deur middel van gehalte-onderrig opvoeders te lewer wat 'n daadwerklike verskil in die skoolstelsel sal maak. Sonder beter skoolonderrys sal ons geliefde land iewers ploeter tussen 'n derde- en tweedewêreldland – en nooit sy potensiaal ten volle bereik nie.

Dr Renalde Huysamen from the Centre for Higher Education Studies and Development

Appreciating what we are doing right in HE instead of focusing on problems with the aim to 'fix' the sector is vital. While focusing on a strength-based approach, HE could collectively explore challenges like environmental and climate change, education, inclusive development and peaceful organisational and national transformation. Where your attention is, there you are and there you grow. Focus on the positive aspects and those shall increase in power.

Tibi Mohapi, Head of Roosmaryn Residence

